

2 Februarie

Matteus 13:24-30 en 36-43

(Teks: 13:39)

Waar kom die onkruid tussen die koring vandaan?

Die Here Jesus stel Hom in dié gelykenis voor as die Saaier. Die saailand is die wêreld. Die goeie saad is die Woord van God. Die saadkorrels lyk aanvanklik morsdood, maar dis vol bruisende lewe. As die Heilige Gees dit in die harte laat ontkiem, word mense wedergebore. Dis daarom dat Jesus die kinders van God die goeie saad noem.

Maar die Saaier het ongelukkig 'n vyand - 'n vyand só gemeen en jaloers dat hy onkruid tussen die koring kom saai! Aanvanklik het niemand dit opgemerk nie. Eers toe dit begin groei was dit sigbaar. En dit het die slawe stom van verbasing laat vra: "Waar kom die onkruid dan vandaan?"

Hierdie vraag na die oorsprong van die onkruid - die sonde - is so oud soos die berge. Filosofe het hulle koppe al suf daaroor gedink. Spotters het op godslasterlike wyse vir God die skuld daarvoor gegee. Baie mense gee die samelewing skuld vir die sonde. Maar luister wat sê Jesus: "*Die vyand wat die onkruid saai, is die duiwel.*"

Baie mense ontken vandag die bestaan van die duiwel. Wie dit doen, kan die oorsprong van die sonde in die Paradys nie verstaan nie. En daarom kan hulle Jesus se soenverdienste aan die kruis nie verstaan nie. Ook is hulle doof vir die waarskuwing van die Heilige Gees in 1 Petrus 5:8: "*Wees nugter, wees wakker! Julle vyand, die duiwel, loop rond soos 'n brullende leeu op soek na iemand om te verslind.*" Is ons op ons hoede vir die versoekings van die duiwel?

Sing Psalm 64:1 en 7

Dr. C J. Malan (Emeritus)